

**Vrydag 30 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 22:1-5**

**Fokusgedeelte: Openbaring 22:1-5**

**Die nuwe Jerusalem is die ware paradys**

Ons kan nie hierdie deel in Openbaring lees sonder om aan die tuin van Eden te dink nie. Ook in die tuin van Eden was daar 'n rivier. Die rivier in Openbaring, met die water van die lewe, stroom uit die troon van God en die Lam uit. Ons lees van die boom van die lewe in Openbaring en dink dadelik aan die boom waarvan Adam en Eva nie mag geëet het nie.

Die boom van die lewe in Openbaring dra voortdurend vrug en gee genesing. Ware lewe en genesing kan slegs by God en die Lam gekry word. Jy kan net deur geloof daaraan deel kry. Elkeen wat in die Here glo, gaan in ewigheid saam met Hom leef. Gaan Hom in ewigheid aanbid en saam met Hom heers. Sy Naam sal op hulle voorkoppe wees: Elkeen wat God vir Homself gekies het, sal by Hom wees. Die Here God se heerlikheid gaan almal bestraal. Geen ander lig is meer nodig nie, want die duisternis gaan volkome weggevat wees. Ons Here Jesus, die Lam, het die duisternis en die sonde en die dood aan die kruis oorwin.

Ons lewe nou al in 'n verhouding met God, maar ons is nog nie in die paradys nie. Ons kry nog seer en stry teen die sonde. Ons stoei met siekte en dood. Die lewe lyk soms pikdonker. Nou kry ons hierdie troos: Die ware paradys is op pad. God gaan die duisternis volkome wegvat. Die duisternis wat reeds aan die kruis oorwin is. Moenie moed opgee nie. Moenie opgee omdat dinge nou in jou lewe donker lyk nie. Sien uit na die ware paradys, die ewige lewe by God, wat jou erfdeel in Jesus Christus is.

*Sing: Skrifberyming 45 (18-7):9, 11*

*Ds. GP van Rhyn (Gerhard) (Komatipoort)*